HALLO. HOOGLAND

Geloof deur liefde tot dade

27 April 2025

041 367 1485 | info@pehoogland.co.za | www.pehoogland.co.za | 079 815 9325

Hoogland groet Saretta na 28 jaar in die kantoor!

Welkom by Hoogland!

Dis heerlik om jou vandag hier te hê, of jy nou 'n besoeker of nuwe lidmaat is – weet dat jy deel is van ons Hoogland geloofsfamilie.

Hier is 'n plek vir jou!

Kom maak gerus ná die diens kennis met die leraars vóór in die kerk. Vra ook gerus ons Gemeentedienste-dame in die voorportaal as jy enige vrae het – sy is by die tafel by die hoofingang en help graag.

Wil jy meer uitvind of betrokke raak?

Kontak gerus vir Leandra in die kerkkantoor of besoek ons webwerf: www.pehoogland.co.za. Neem ook 'n "Nuwe Intrekkers"-koevert uit die brosjurehouer – dis vol nuttige inligting.

Program van die dag

09:00 Oggenddiens: Ds Pieter Nel
GEEN Geloofvormingsgroepe

Deurkollekte: VCSV

Program vir die week

Maandag: 28 April - *Kantoor gesluit*
Publieke vakansiedag

Dinsdag: 29 April
18:00 Divorce Care

Woensdag: 30 April
08:45 B'fontein Bybelstudie
10:00 Gemeente Bybelstudie

Donderdag: 1 Mei - *Kantoor gesluit*
Werkersdag

Vrydag: 2 Mei
05:15 Mannebediening

Hoogland Dankoffers, Basaar bydraes & Kaartjie inbetalings.

(vir Basaar bydraes: Verwysing Basaar
vir Kaartjie betaling : Verwysing Spit)

Snap here to pay
SnapScan

Bankbesonderhede
NG Kerk PE Hoogland
ABSA
Rek - 1400 149 980
Takkode - 632005

Zapper

Hoogland bid vir jou ...

Stuur jou gebedsversoek gerus, in groot vertroue, via *WhatsApp* na 079 815 9325.

In 'n noodgeval ....

Net soos elke gesin sorg dra vir die veiligheid van hul mense, is die veiligheid van ons geloofsfamilie by Hoogland vir ons baie belangrik. Daarom is daar met sorg voorsiening gemaak vir gebeurlikheidsplanne vir verskillende situasies, sodat ons met vertroue bymekaar kan kom.

Hoogland wil graag vir elkeen die gemoedsrus gee dat daar goeie gesondheid- en veiligheidsmaatreëls in plek is vir enige situasie, juis om jou as deel van die Geloofsfamilie gemoedsrus te gee, veral as ons Sondae hier bymekaar is.

Indien daar ooit 'n onvoorsiene situasie ontstaan tydens enige samekoms op die kerkterrein, vra ons asseblief dat jy dit dadelik rapporteer aan een van ons personeel of 'n leraar, sodat ons vinnig en gepas kan optree. Die personeel is toegerus om in situasies kalm te bly en gepas op te tree.

Te midde van al hierdie voorsorgmaatreëls, bly ons vertroue en nederig in gebed en vra die Here se beskerming, leiding en vrede oor elkeen wat ons pad kruis.

Hoogland sê dankie ...

Beide van vanjaar se **Koorfeeste @ Hoogland** was weereens absolute hoogtepunte –

'n fees van musiek, talent en samehorigheid!

Die kinders van regoor die stad het dit met soveel vreugde en egte Hoogland gasvryheid beleef en dit was wonderlik om hul opgewondenheid te sien.

'n Opregte en hartlike dankie aan elkeen wat deel was daarvan – of jy gesing, ondersteun of dit eenvoudig net saam kom geniet het.

Dit was voorwaar 'n fees der feeste. Hoogland maak weer so in 2026!

Twee belangrike kursusse vir die jaar!

Doopkursus @HOOGLAND

OUERS & VOORNEMENDE OUERS

Indien ouers by Hoogland wil doop, of êrens van voorneme is om hul baba hier te kom doop, is 'n 4-weke doopkursus `n vereiste.

2025 Doopkursus datums is:
6, 13, 20, 27 Mei
5, 12, 19, 26 Augustus
21, 28 Oktober & 4, 11 November

Bespreek by Leandra in die kerkkantoor:

- Skakel - 041-367 1485
- Epos - leandra@pehoogland.co.za
- WhatsApp - 079 815 9325.

... dink & droom julle oor julle groot dag?

Ds Pieter nooi graag alle voornemende bruidspare uit (wat gedurende 2025 of vroeg 2026 wil trou) na 'n verpligte 5 weke huwelikskursus ter voorbereiding van jul spesiale dag....

Hoogland Huwelikskursus

Volgende kursus begin :
Dinsdae
2, 9, 16, 23, 30 September
18:00 @ Hoogland

Bespreek by Annalize in die kerkkantoor:

- Skakel - 041-367 1485
- Epos - annalize@pehoogland.co.za
- WhatsApp - 079 815 9325.

Kursusfooi : R150 per paartjie

... sien daarna uit om hierdie spesiale pad saam met julle te begin stap.



Uit Saretta se hart ...

Vandag, kyk ek terug na my tyd hier en ek kan nie anders as om daaraan te dink as 'n reis nie. 'n Kosbare reis, vol lewe en herinnering. Ek vergelyk dit met die gevoel wat jy het wanneer jy van 'n droomvakansie terugkeer – soveel stories en geskenke om te deel. Jy voel jy wil vir almal vertel, hoop dat hulle saam met jou die euforie kan ervaar, hulleself in-leef en dít sal beleef wat jy gevoel, gesien en ervaar het, maar eindelik. Dan kies jy noodgedwonge een of twee hoogtepunte.

Die res koester jy in jou reistas wat jy verder saam met jou dra vir stil word tye en 'n stil glimlag by jouself.

(blaai om)

Nou is ek op daardie plek: 'n tas vol stories van mense, oomblikke, trane en oorwinnings. My hart is vol en ja, en ek wil vertel, maar kom ons bly by een of twee vir nou.

My tyd in die werksomgewing: Elke reis het sy op- en afdraandes. Hier was dit nie anders nie. Daar was oomblikke van "*wat nou?*", maar ook van "*yes, ons het dit reggekry!*" Deur dit alles was God daar – soms stil, maar altyd sigbaar in die alledaagse. Ek dink aan al my vorige kollegas en ook met deernis aan diegene wat nie meer met ons is nie… dit was goed. My huidige kollegas: dit was 'n voorreg om saam met julle te kon werk. Jul kreatiwiteit, energie en 'n hart vir jul werk en die gemeente sal my lank bybly! Hoogland is geseënd! Nou staan 'n jonger geslag gereed om hul eie paaie te ontdek en vars rigtings in geloof en diens te verken. Ek sien só uit na julle groei. Ek sal toekyk van die kantlyn af, met trots en gebed.

Kerkraad: Dit was 'n voorreg om saam met elke kerkraad te kon werk en om soveel kundige lidmate te hê wat hul gawes tot beskikking van hierdie gemeente te stel. Dit het my altyd veilig laat voel al het ons partykeer kop gekrap, koppe gestamp maar ook geweet om ons koppe in afhanklikheid te buig want dit is die Here se gemeente.

En nou… 'n nuwe reis: My plan? Miskien gaan stap ek in Italië (of dalk net in my tuin of in die veld), reis Japan toe (of net Spar toe). Maar bo alles sien ek met dankbaarheid uit na tyd wat ek gegun is met Ronnie, ons kinders, kleinkinders, boeke, my tuin, musiek, vriende. Daar is drome – groot én klein – en nou ook tyd om hulle te leef. Gelukkig gaan ek nie weg uit Hoogland nie. Ek bly. Ek stap nou net**langsaan** – sodat ek langer kan stilstaan by mense, by die lewe en by God se goedheid.

Ek groet: Toe ek terugkyk oor my reis hier om my gedagtes te orden vir hierdie groet, het een ding my verrasend getref: die grootste vorming van my geloofslewe het híér gebeur – oor die afgelope 38 jaar wat ons as gesin in Hoogland is, saam met julle. Nié net omdat ek in die kerkkantoor gewerk het nie, maar omdat ek altyd deel was van een of ander bediening, omdat ekself 'n GvG mentor kon wees en ander weer my kinders kon mentor, omdat ek die vroue Bybelstudiegroep kon lei vir baie jare, omdat dit so lekker was om verwelkoming by die deure te doen, so nou en dan blomme te doen en die voorreg om eredienste te kan bywoon. Terwyl ek gedink het ek is "betrokke" het die wonderlikste met myself gebeur: ek het meer ontvang as wat ek ooit gegee het.

En dít – juis dit – wil ek julle mee laat. *"Daarom, my geliefdes, wees standvastig, onwankelbaar, altyd oorvloedig in die werk van die Here, want julle weet: julle arbeid in die Here is nie tevergeefs nie." — 1 Korintiërs 15:58*

Saretta

Toeka tot Nou

KUIERFEES

KUIERFEES KAARTJIES

R100 elk



Kry gerus jou kaartjie by die Kerkkantoor of Sondag by Gemeentedienste!!!

1. Spitbraai by JOU huis vir ongeveer 30 gaste! Ingesluit: Lam op spit / 2 slaaie / brood

2. Naweek vir 'n gesin van 4 @ **Krystal Beach Hotel** in Gordonsbaai

3. R1500 Geskenkbewys van **Walmer Park**

HD Spitbraai - 073 622 0442

Krystal Beach Hotel

Walmer Park

Die Kuierfees is om die draai – en ons het jou hande nodig!

Dis amper tyd vir die jaarlikse Kuierfees wat altyd 'n hoogtepunt is vol lag, lekker kos en behoorlike kuier. Maar om dit alles moontlik te maak, vra die Kuierfees-span vriendelik:

HANDE, HANDE, HANDE!

Net **een uurtjie van jou tyd** om iewers te help handjie bysit – sodat álmal 'n kans kry om ook te kom saamkuier.

Bestanddele & Donasies

Die Basaarspan is hard aan die werk, maar kort nog *heelwat* bestanddele.

Kuierfees Veiling

Die veilingspan droom van 'n veiling wat die jaar onthou sal word en daarom soek hulle nog *fantastiese items*! Dink aan:

- Jagpakkette vir die avontuurlustiges
- Heel lammers/skape
- 'n "*Airfryer*" vir Ma
- Kampstoele, 'n nuwe golfsak, of enigiets besonders!

Tombola Tafel

Maak 'n draai in jou kaste – stuur vir ons daardie ongebruikte geskenke, speelgoed, boeke en pragtige, bruikbare items. Alles wat skoon is en werk, is welkom!

Potjiekos Kompetisie

Is jy die *potjiekoning of -koningin* by die huis? Dan moet jy inskryf! Bring jou beste resep en kom wys jou staal! Inskrywingsvorms is beskikbaar by die Gemeentedienste of kerkkantoor.

Kinderspeelarea

Hier wag hope pret op die kleingoed! Skopfietsies, springkastele en 'n kindertafel propvol bederf.

Plaasstal

Vra vir ingelegte lekkernye, handgemaakte items en vriesmaaltye wat ons as geskenkpakkies kan verkoop. Alles wat met liefde gemaak is, is welkom!

Tuisgebak Tafel

Hoogland se mense is lief vir bederf en daarom vra die Tuisgebak vir : groot koeke, yskasterte, kolwyntjies, beskuit, kleinkoekies en alles tussenin! Laat die oonde warm word – dit gaan heerlik wees!

Gesels gerus met Kitty / Leon as daar enige navrae is!